Woensdag **13 Maart**
**Skrifgedeelte: Kolossense 1:15-20**
**Fokusgedeelte: Kolossense 1:15-20**
**Troos**

Die gemeente in Kolosse was gekonfronteer deur allerlei dwalinge wat die gemeente wou weglei van hulle enigste Troos in lewe en sterwe, in liggaam en siel, Jesus Christus alleen, om dus op hulleself en hulle werke te vertrou. Die dwaalleraars wou allerlei sake byvoeg by die evangelie om te onderhou om gered te word, 'n "Christus plus"-dwaling (sien Kol. 2:4-23. Paulus antwoord op hierdie dwalinge deur die Gees met die evangelie van Christus alleen! Die evangelie, wat "goeie nuus" beteken, en ons enigste Troos as Inhoud het, is nie net oor wat Jesus gedoen het in sy mensheid, in sy vleeswording vir ons nie (vs 13, 14), maar vir Wie Hy in sy wese is, waarsonder ons nie gered sou kon word nie (HK Sondag 5 en 6), naamlik Hy is tegelykertyd volkome mens én volkome God, tot ons enigste troos.

En dit is hierdie Troos, hierdie "woord van die waarheid van die evangelie", wat Paulus aan die gemeente openbaar en leer in verse 15-20, en ook aan jou vandag hier in die 21ste eeu waar die goeie stryd nog steeds fel plaasvind teen allerlei misleidinge en dwaling van ons tyd. Sien jou enigste troos raak in Jesus as volkome mens, maar ook tegelykertyd volkome God: "Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis—ek sê deur Hom—die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele."

*Sing: Psalm 110-1:1, 2*

*Ds. S (Slabbert) Le Cornu (Carletonville)*